2015 SENWESBEL

VERKORTE JAARVERSLAG

INHOUDS**OPGAWE**

INLEIDING EN BESTEK VAN DIE VERSLAG	**2**
RAAD VAN DIREKTEURE	**3**
VOORSITTERSVERSLAG	**5**
5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING IN SENWES BEPERK	**7**
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE	**8**
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	**9**
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT	**10**
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI	**11**
SEGMENTOORSIG	**12**

INLEIDING
EN BESTEK VAN DIE VERSLAG

Die Senwesbel Direksie bied met trots die verkorte jaarverslag vir die Senwesbel Groep vir die jaar geëindig 30 April 2015 aan. Hierdie verslag is die primêre rapporteringsvoertuig en die enigste verslag in gedrukte vorm. Dit moet saamgelees word met die volledige finansiële jaarstate op die Senwes webtuiste. 'n Onafhanklike oudit van die Groep se finansiële jaarstate is deur Ernst & Young Ing. uitgevoer.

Senwesbel Beperk as beleggingsmaatskappy is die grootste aandeelhouer in Senwes Beperk, wat ook die enigste belegging is wat deur Senwesbel gehou word. 'n Korporatiewe beheerverslag, bedryfsoorsig, geïntegreerde en volhoubaarheidsverslag is nie in die Senwesbel verkorte jaarverslag ingesluit nie. Verwys asseblief na die Senwes Beperk webblad, www.senwes.co.za, waar dié verslae volledig geopenbaar word.

Hierdie verslag fokus op die gebeure wat gedurende die jaar geëindig 30 April 2015 plaasgevind het en maak relevante vergelykings met vorige tydperke.

VERSLAGDOENINGSBEGINSELS

Waar toepaslik voldoen die inligting wat hierin verskaf word aan die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet nr. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid wat deur die Groep toegepas is gedurende die jaar onder oorsig is in ooreenstemming met die beleid wat gevolg is in die voorbereiding van die Groep se jaarlikse finansiële state van die vorige jaar.

Die inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie en is saamgestel op grond van interne rekords en publieke inligting onder toesig van CF Kruger, GR (SA).

RAAD VAN **DIREKTEURE**

AJ (DRIES) KRUGER

VOORSITTER

Direkteur sedert Oktober 2007
Kwalifikasies: B.Compt (Hons) (Rek), GR (SA)
Lid van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Oudit, Belegging en Nominasie

NDP (NICO) LIEBENBERG

Direkteur sedert Augustus 2008
Kwalifikasies: B.Com (Hons), M. Volhoubare Landbou
Voorsitter van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Vergoeding (Voorsitter), Risiko (Voorsitter) en Oudit

JDM (DANIE) MINNAAR

Direkteur sedert September 1999
Kwalifikasies: B.Com
Lid van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Direksie (Voorsitter), Nominasie (Voorsitter), Belegging en ex officio-lid van alle Senwes direksiekomitees

JJ (JACO) MINNAAR

Direkteur sedert Augustus 2011
Kwalifikasies: B.Ing. (Landbou)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Risiko en Vergoeding

TF (TOM) VAN ROOYEN

Direkteur sedert November 2013
Kwalifikasies: B.Sc (Hons) (Landbou-ekonomie)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Sosiale & Etiese en Risiko

WH (THABO) VAN ZYL

Direkteur sedert Augustus 2012
Kwalifikasies: B.Sc Landbou (Landbou-ekonomie)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Sosiale & Etiese en Risiko

AE (ALWYN) SCHOLTZ

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Maatskappysekretaris sedert September 2010
Kwalifikasies: B.Com (Regte), LLB
Toegelate prokureur en aktevervaardiger van die Hoër Hof

VOORSITTERS-VERSLAG

GEAGTE AANDEELHOUER

Dit is weereens 'n voorreg om die goeie prestasie van Senwesbel, die meerderheidsaandeelhouer in Senwes Bpk, aan te kondig. Alhoewel 'n soortgelyke wins as die vorige jaar gereflekteer word, bestaan die wins hierdie keer hoofsaaklik uit wesensverdienste voortspruitend uit die goeie oes.

Die resultate reflekteer weereens die kerngesondheid van Senwes se strategie van konsolidasie, wat ondersteun word deur innovasie en volhoubare oplossings. Erkenning moet aan die Senwes bestuurspan gegee word vir die suksesvolle implementering van die strategie.

VERHOOGDE AANDEELHOUDING

Ons vertroue in Senwes kan gemeet word aan die feit dat Senwesbel en Grindrod, die twee meerderheidsaandeelhouers, hul aandeelhouding in Senwes verhoog het en nou saam 72% van die aandele in die maatskappy besit. Dit is 'n duidelike aanduiding van ons vertroue in en ondersteuning van die maatskappy se prestasie en toekomsplanne. Dit bevestig ook 'n uitstekende werksverhouding tussen Senwesbel en Grindrod.

Alhoewel ek teleurgesteld is dat die samesmelting met NWK Beherend Bpk nie gerealiseer het nie, wil ek tog erkenning gee aan die feit dat die NWK aandeelhouers oorweldigend ten gunste van die transaksie gestem het. Die beswarende bepalings in die NWK Akte van Oprigting het egter veroorsaak dat die transaksie misluk het. Nieteenstaande dié uitkoms het ons steeds 'n goeie verhouding met NWK en is ons vennote in 'n aantal belangrike gesamentlike ondernemings.

Soos na verwys in my vorige verslag, duur die tendens van internasionale mededinging op die kontinent steeds voort. Dit is een van die dinamika wat aanleiding gegee het tot ons konsolidasiestrategie. Die sluiting van strategiese vennootskappe in die landboubedryf bly belangrik in die lig van wêreldmededinging en ons soek deurlopend na vennootskappe wat verhoogde volhoubaarheid en die diversifikasie van ons portefeulje sal ontsluit.

'n Verdere uitkoms van ons konsolidasiestrategie is dat beide Senwes en Senwesbel 'n aandeelterugkoopskema geloods het, wat kleiner aandeelhouers in staat gestel het om hul aandele teen 'n markpremie te verkoop. Tydens die skrywe van hierdie verslag was die terugkoop van aandele vanaf 155 kleiner aandeelhouers reeds bevestig. Dit verlaag ook effektief ons administrasiekoste.

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

Senwesbel het aandeelhouersverdienste van R234 miljoen gedurende die periode onder oorsig gegenereer. Dividende van R39 miljoen is uitbetaal. Senwesbel het ook 'n netto groei in ekwiteit van R80 miljoen gereflekteer en ons kondig graag 'n verdienste per aandeel van 106.4 sent aan.

'n Finale dividend van R19 miljoen is voorgestel. Die totale dividend vir die jaar beloop 32 sent per aandeel. Die direksie spreek graag sy opregte dank en waardering uit teenoor die Senwes bestuurspan vir hul deurlopende hoë uitsetvlakke in die handhawing van goeie korporatiewe beheer en bedryfsprestasie ten einde die doelwitte van die Groep te behaal.

DIE JAAR VORENTOE

Die droogtetoestande sal ongetwyfeld 'n impak op die besigheid hê, maar ek is vol vertroue dat ons strategieë die krisis sal kan weerstaan en dat ons sal kan voortgaan om waarde toe te voeg vir ons aandeelhouers. Ons fokus op diversifikasie en konsolidasie behoort tot selfs beter risikobestuursvlakke en verhoogde opbrengs aanleiding te gee.

BEDANKINGS

Aan al die personeel en die bestuur van Senwesbel en Senwes – jul toewyding en passie in die uitvoering van jul pligte is verwesenlik in ons prestasie en sukses. Hou vol daarmee!

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om Joe Maswanganyi te verwelkom as uitvoerende direkteur van Senwes. Joe, wat in 2001 by Senwes aangesluit het, het 'n uitstekende insig in die landbousektor ontwikkel en lewer uiters waardevolle bydraes tot die besigheid.

Ons kyk met nederigheid terug op die afgelope jaar en dra ons opregte dank oor aan ons Hemelse Vader, met Wie alles moontlik is.

DRIES KRUGER
Voorsitter
Klerksdorp
30 Junie 2015

5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING IN SENWES BEPERK

Senwesbel Beperk besit 'n 51,6% belang in Senwes Beperk soos op 30 April 2015. Die belegging se kernstatistiek is soos volg:

	2015	2014	2013	2012	2011
Senwesbel se belang in Senwes (%)	**51,6**	51,1	59,0	58,8	41,2
Omset uit voortgesette bedrywe (R'm)	**8 755**	11 476	13 884	11 875	6 476
Wins na belasting (R'm)	**247**	251	307	265	219
Verdienste per aandeel (sent)	**143,4**	143,9	168,9	146,0	121,1
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**175,2**	99,0	152,4	132,8	116,2
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 054,6**	958,1	884,4	756,7	680,3
Sluitingsmarkprys (sent)	**1 150,0**	1 075,0	1 040,0	900,0	1 020,0
Groei in markprys (%)	**7,0**	3,4	15,6	(11,8)	39,7
Totale dividend (sent)	**50,0**	48,0	61,0	60,0	35,0
Finale dividend verklaar (sent)	**26,0**	22,0	31,0	15,0	25,0
Tussentydse dividend betaal (sent)	**24,0**	26,0	26,0	45,0	10,0
Spesiale dividend betaal (sent)	**-**	-	4,0	-	-
Opbrengs op openingsekwiteit (%)	**15,0**	15,7	22,3	21,5	20,7
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (%)	**14,3**	15,5	20,7	20,3	19,1
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%) (uitgesluit spesiale dividend)	**4,5**	4,5	5,9	6,3	4,0
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%) (ingesluit spesiale dividend)	**4,5**	4,5	6,3	6,3	4,0
Totale aandeelhouersopbrengs op openingsmarkprys (%) (kapitaalgroei plus dividende)	**11,6**	8,0	22,3	(5,9)	44,5

ENKELE HOOGTEPUNTE VAN DIE BELEGGING IS SOOS VOLG:

- Wins na belasting van R247 miljoen, wat 'n 15,0% opbrengs op openingsekwiteit verteenwoordig.
- Totale aandeelhouersopbrengs op openingsmarkprys (kapitaalgroei plus dividende) van 11,6% (2014: 8,0%).
- Genormaliseerde wesesverdienste per aandeel het verhoog na 175,2 sent per aandeel (2014: 99,0 sent per aandeel).
- Netto batewaarde per aandeel styg met 10,0% tot 1 054,6 sent per aandeel (2014: 958,1sent per aandeel).

DIE VOLGENDE IS RELEVANTE BELEGGINGSTATISTIEK TEN OPSIGTE VAN DIE BELEGGING:

	2015	5-jaar gemiddeld
Prysverdiensteverhouding – verdienste per aandeel (keer)	**6,6**	8,0
Totale aandeelhouersopbrengs – openingsmarkprys (%)	**11,6**	16,1
Dividenddekking – ingesluit spesiale dividend (keer)	**2,9**	2,9

SENWESBEL NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL:

	2015	2014	2013	2012	2011
Netto batewaarde per aandeel (R) (Maatskappy)	**7,79**	7,75	7,06	6,06	7,31
Netto batewaarde per aandeel (R) (Groep)	**10,68**	9,96	8,73	7,71	5,27

Senwesbel Bpk het gedurende die jaar 890 145 aandele in Senwes Bpk verkry.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

SOOS OP 30 APRIL 2015

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2015 R'm	2014 R'm	**2015 R'm**	2014 R'm
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	**1 051**	1 001	**-**	-
Belegging in filiale	**-**	-	**1 073**	993
Belegging in geassosieerdes	**-**	2	**-**	-
Belegging in gesamentlike ondernemings	**214**	241	**-**	-
Ander finansiële bates	**4**	4	**-**	-
Lenings en ander bedrae ontvangbaar	**656**	554	**-**	-
Uitgestelde belastingbate	**20**	6	**-**	-
Totale nie-bedryfsbates	**1 945**	1 808	**1 073**	993
Bedryfsbates				
Voorraad	**932**	431	**-**	-
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**2 180**	2 117	**-**	-
Ander lenings ontvangbaar	**17**	170	**7**	24
Vooraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis	**323**	278	**-**	-
Afgeleide finansiële instrumente	**68**	25	**-**	-
Kontant en korttermyndeposito's	**13**	30	**-**	-
Totale bedryfsbates	**3 533**	3 051	**7**	24
TOTALE BATES	**5 478**	4 859	**1 080**	1 017
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE				
Ekwiteit				
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	**1**	1
Aandelepremie	**518**	518	**518**	518
Nie-verdeelbare reserwes	**78**	78	**78**	78
Ander reserwes	**19**	22	**447**	390
Behoue inkomste	**659**	576	**(63)**	(57)
Eie ekwiteit	**1 275**	1 195	**981**	930
Nie-beherende belang	**1 056**	988	**-**	-
Totale ekwiteit	**2 331**	2 183	**981**	930
Nie-bedryfslaste				
Rentedraende lenings	**1 002**	652	**-**	-
Langtermynaansporingsbonusse	**5**	10	**-**	-
Uitgestelde belastinglas	**205**	205	**99**	85
Totale nie-bedryfslaste	**1 212**	867	**99**	85
Bedryfslaste				
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**705**	426	**-**	2
Rentedraende lenings	**1 117**	1 285	**-**	-
Ander lenings	**35**	-	**-**	-
Afgeleide finansiële instrumente	**18**	72	**-**	-
Belasting betaalbaar	**7**	4	**-**	-
Korttermynaansporingsbonusse	**49**	19	**-**	-
Voorsienings	**4**	3	**-**	-
Totale bedryfslaste	**1 935**	1 809	**-**	2
Totale laste	**3 147**	2 676	**99**	87
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**5 478**	4 859	**1 080**	1 017

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2015 R'm	2014 R'm	**2015 R'm**	2014 R'm
Dienste gelewer	**474**	248	**-**	-
Finansieringsinkomste	**259**	203	**1**	1
Inkomste uit bedryfsaktiwiteite	**1 443**	2 076	**-**	-
Inkomste uit kommoditeitsverhandeling	**6 579**	8 949	**-**	-
Inkomste	**8 755**	11 476	**1**	1
Koste van verkope	**(7 576)**	(10 609)	**-**	-
Bruto wins	**1 179**	867	**1**	1
Ander beleggingsinkomste	**1**	4	**43**	135
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes en winste	**(653)**	(390)	**(6)**	(8)
Bedryfswins	**527**	481	**38**	128
Finansieringskoste	**(137)**	(128)	**-**	(6)
Winsdeel van gesamentlike ondernemings	**7**	13	**-**	-
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	**397**	366	**38**	122
Belasting	**(106)**	(80)	**-**	(14)
Wins vir die jaar na belasting uit voorgesette bedrywighede	**291**	286	**38**	108
Verlies na belasting van beëindigende bedrywighede en bedrywighede oorgedra na gesamentlike ondernemings	**(50)**	(46)	**-**	-
Wins vir die jaar	**241**	240	**38**	108
Ander omvattende inkomste herklassifiseerbaar na wins of verlies, na belasting	**(6)**	4	**57**	4
Billikewaardeaanpassing van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	**-**	-	**57**	4
Valutaverskil op omrekening van buitelandse bedrywighede	**(6)**	4	**-**	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**235**	244	**95**	112
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**127**	133	**38**	112
Nie-beherende belang	**114**	107	**-**	-
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**124**	135	**95**	112
Nie-beherende belang	**111**	109	**-**	-

VERDIENSTE PER AANDEEL

	2015 sent / aandeel	2014 sent / aandeel
Basiese en verwaterde verdienste vir die jaar toeskryfbaar aan gewone ekwiteitshouers van die houermaatskappy (sent)	**106,3**	110,8
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**128,9**	75,9

DIVIDENDE VIR DIE JAAR

Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar	**33**	39
Vorige jaar finale dividend	**17**	15
Interim dividend	**16**	24
Finale dividend per aandeel voorgestel	**16**	17

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL	AANDELEPREMIE	NIE-VERDEELBARE RESERWES	VERANDERING IN EIENAARSKAP	BILLIKEWAARDE-AANPASSING	AANDEELGEBASEERDE BETALINGSRESERWE	BEHOUE INKOMSTE	EKWITEIT VAN FILIAAL	NIE-BEHERENDE BELANG	TOTALE EKWITEIT
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
GROEP										
Balans op 30 April 2013	**1**	**518**	**78**	**(14)**	**(29)**	**-**	**490**	**4**	**875**	**1 923**
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	133	2	109	**244**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	133	-	107	**240**
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	2	2	**4**
Dividende	-	-	-	-	-	-	(47)	-	(45)	**(92)**
Verandering in eienaarskap	-	-	-	59	-	-	-	-	49	**108**
Balans op 30 April 2014	**1**	**518**	**78**	**45**	**(29)**	**-**	**576**	**6**	**988**	**2 183**
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	127	(3)	111	**235**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	127	-	114	**241**
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	(3)	(3)	**(6)**
Dividende	-	-	-	-	-	-	(39)	-	(37)	**(76)**
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	-	-	-	-	-	8	-	-	6	**14**
Aandele verkry van nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	(3)	-	-	-	-	(8)	**(11)**
Verandering in eienaarskap	-	-	-	(5)	-	-	-	-	(4)	**(9)**
Terugkoop van ekwiteitsaandele	-	-	-	-	-	-	(5)	-	-	**(5)**
Balans op 30 April 2015	**1**	**518**	**78**	**37**	**(29)**	**8**	**659**	**3**	**1 056**	**2 331**
MAATSKAPPY										
Balans op 30 April 2013	**1**	**518**	**78**	**-**	**386**	**-**	**(136)**	**-**	**-**	**847**
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	4	-	126	-	-	**130**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	108	-	-	**108**
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	4	-	18	-	-	**22**
Dividende	-	-	-	-	-	-	(47)	-	-	**(47)**
Balans op 30 April 2014	**1**	**518**	**78**	**-**	**390**	**-**	**(57)**	**-**	**-**	**930**
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	57	-	38	-	-	**95**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	38	-	-	**38**
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	57	-	-	-	-	**57**
Dividende	-	-	-	-	-	-	(39)	-	-	**(39)**
Terugkoop van ekwiteitsaandele	-	-	-	-	-	-	(5)	-	-	**(5)**
Balans op 30 April 2015	**1**	**518**	**78**	**-**	**447**	**-**	**(63)**	**-**	**-**	**981**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2015 R'm	2014 R'm	**2015 R'm**	2014 R'm
Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit bedryfsaktiwiteite	**(72)**	76	**(3)**	5
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	**569**	372	**(6)**	(8)
Finansieringsinkomste	**-**	-	**1**	1
Dividende ontvang	**1**	4	**43**	63
Finansieringskoste betaal	**(137)**	(128)	**-**	(6)
Belasting betaal	**(98)**	(47)	**-**	-
Dividende betaal	**(76)**	(92)	**(39)**	(47)
Verandering in bedryfskapitaal	**(331)**	(33)	**(2)**	2
Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) beleggingsaktiwiteite	**70**	4	**(9)**	216
Aankope van eiendom, aanleg en toerusting	**(89)**	(56)	**-**	-
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**4**	3	**-**	-
Opbrengs met verkoop van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	**-**	1	**(9)**	216
Toename van beleggings in gesamentlike ondernemings	**(2)**	-	**-**	-
Dividende ontvang van belegging in gesamentlike onderneming	**7**	-	**-**	-
Netto kontant ontvang met stigting van Hinterland	**-**	94	**-**	-
Toename in ander lenings betaalbaar aan verwante partye	**35**	-	**-**	-
Afname/(toename) in ander lenings ontvangbaar vanaf verwante partye	**115**	(38)	**-**	-
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**(2)**	80	**(12)**	221
Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit finansieringsaktiwiteite	**(15)**	(99)	**(5)**	(213)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**(15)**	114	**(5)**	-
Opbrengs uit rentedraende lenings: Langtermyn	**350**	-	**-**	-
Terugbetaling van rentedraende lenings: Langtermyn	**(350)**	(213)	**-**	(213)
Netto (afname)/ toename in kontant en kontantekwivalente	**(17)**	(19)	**(17)**	8
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**30**	49	**24**	16
Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar	**13**	30	**7**	24



SEGMENT**OORSIG**

SEGMENTINLIGTING

Vir bestuur- en beheerdoeleindes is die Groep georganiseer in bedryfseenhede op grond van hul produkte, dienste en klante wat uit die volgende rapporteerbare segmente bestaan:

BELEGGINGSAKTIWITEIT *(Senwesbel)*	Dit is Senwesbel se strategie om belange in ander landbou- en verwante besighede te oorweeg. Op jaareinde besit Senwesbel slegs aandele in Senwes.
FINANSIËLE DIENSTE *(Senwes Credit & Certisure Groep)*	Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers. Senwes Credit verskaf landboudienste aan sy groeiende kliëntebasis. Certisure sluit kommissie ontvang op korttermyn-, oes- en lewensversekeringspremies en administrasiefooie in.
INSETVERSKAFFING *(Senwes Meganisasie & Hinterland Groep)*	Verkope by die handelstakke, direkte verkope van boerderyinsette en verkope van meganisasiegoedere en onderdele.
MARKTOEGANG *(Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes)*	Inkomste ontvang vir die hantering en berging van landbouprodukte. Kommissie ontvang vir die bemarking van graan. Inkomste ontvang uit die verkope van eie graan.
KORPORATIEF	Hoofkantoordienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, sentrale administrasie, vlootbestuur, sekretariaat, regsdienste, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne oudit, strategiese ontwikkeling, groep-finansies, korporatiewe finansies, tesourie en direkteure.

Inkomstebelasting word op 'n groepsbasis bestuur en word nie na bedryfsegmente toegedeel nie. Dienste gelewer tussen verwante partye soos getoon in bedryfsegmente is op 'n armlengtebasis soos soortgelyke transaksies met derde partye. Bestuur monitor die operasionele resultate van sy bedryfseenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite oor hulpbronne en prestasie-evaluering. Segmentprestasie word geëvalueer op grond van bedryfswins of -verlies en konsekwent gemeet teenoor bedryfswins of -verlies in die gekonsolideerde finansiële state.

NOTAS TOT SEGMENTOORSIG (VERVOLG)

SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

	GROEP			
	SEGMENTINKOMSTE		SEGMENTWINS/(VERLIES)	
	2015 R'm	2014 R'm	**2015 R'm**	2014 R'm
Beleggingsaktiwiteite *(Senwesbel)*	**-**	-	**(5)**	(11)
Finansiële dienste *(Senwes Credit & Certisure Groep)*	**219**	170	**99**	95
Bedryfsaktiwiteite	**219**	170	**99**	95
Insetverskaffing *(Senwes Meganisasie & Hinterland Groep)*	**1 463**	1 552	**89**	226
Bedryfsaktiwiteite	**1 466**	1 581	**89**	80
Intragroepverkope	**(3)**	(29)	**-**	-
Wins met die samesmelting van die kleinhandelsbesigheid	**-**	-	**-**	146
Marktoegang *(Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes)*	**6 985**	9 889	**210**	85
Bedryfsaktiwiteite	**10 798**	11 478	**210**	85
Intragroepverkope	**(3 813)**	(1 589)	**-**	-
Normale bedryfsaktiwiteite	**8 667**	11 611	**393**	395
Intragroepverkope	**88**	15	**(66)**	(74)
Totale inkomste	**8 755**	11 626	**-**	-
Inkomste uit beëindigende bedrywighede	**-**	(150)	**-**	-
Insetverskaffing	**-**	(144)	**-**	-
Marktoegang	**-**	(6)	**-**	-
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	**8 755**	11 476	**-**	-
Wins voor belasting uit voortgesette en beëindigende bedrywighede			**327**	321
Belasting			**(86)**	(81)
Wins vir die jaar uit voortgesette en beëindigende bedrywighede			**241**	240
Verlies na belasting van beëindigende bedrywighede en bedrywighede oorgedra na gesamentlike onderneming			**50**	46
Insetverskaffing			**-**	(4)
Marktoegang			**50**	50
Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede			**291**	286



NOTAS TOT SEGMENTOORSIG (VERVOLG)

NETTO SEGMENTBATES

	GROEP					
	BATES		LASTE		NETTO	
	2015 R'm	2014 R'm	**2015 R'm**	2014 R'm	**2015 R'm**	2014 R'm
Beleggingsaktiwiteite	**-**	-	**-**	(2)	**-**	(2)
Finansiële dienste	**2 800**	2 458	**(1 535)**	(1 466)	**1 265**	992
Insetverskaffing*	**1 052**	694	**(730)**	(448)	**322**	246
Marktoegang	**1 483**	1 632	**(422)**	(466)	**1 061**	1 166
Totale bedrywe	**5 335**	4 784	**(2 687)**	(2 382)	**2 648**	2 402
Korporatief	**123**	69	**(255)**	(89)	**(132)**	(20)
Totale segmentbates/(laste)	**5 458**	4 853	**(2 942)**	(2 471)	**2 516**	2 382
Uitgestelde belasting	**20**	6	**(205)**	(205)	**(185)**	(199)
Totaal	**5 478**	4 859	**(3 147)**	(2 676)	**2 331**	2 183

** Bates sluit die belegging in Hinterland gesamentlike onderneming van R119 miljoen in (2014: R124 miljoen)*

KORPORATIEWE INLIGTING

SENWESBEL BEPERK
Reg nr: 1996/017629/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228

OUDITEURE
Ernst & Young Ing.
Privaatsak X14
Sandton
2146

BELEGGERVERHOUDINGE
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwesbel Beperk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

FINANSIERINGSVENNOOT
Absa Beperk
Posbus 10154
Klerksdorp
2570